# Hoofstuk van die dag: Jeremia 13

> *Ja, soos die lendedoek om die heupe van 'n man vassit, so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan My laat vassit,' is die uitspraak van die Here, 'om vir My 'n volk te wees, 'n roem, 'n lof en 'n sieraad. Maar hulle het nie geluister nie.' (Jer 13:11)*

Die simboliese handeling wat God Jeremia laat doen, spreek eintlik vanself. Hy moet ’n nuwe lendedoek koop en om sy lyf dra, en dit dan by die Perat-rivier gaan wegsteek (die NAV en OAV sê Eufraat, maar dit sou ’n reis van 800 km of meer beteken). Ná ’n tyd moes hy dit weer gaan haal, net om te sien dat die lendedoek gevrot het en nutteloos geword het.
In vers 11 verduidelik God sy simboliek. Israel en Juda was aanvanklik naby aan Hom, en Hy het hulle bewaar en digby Hom gehou. Maar sedert hulle afgedwaal het na afgode, is die band tussen Hom en sy volk verbreek en is God se beskerming tot niet.
Solank jy naby die Here bly, beskerm Hy jou teen verleiding en is jou lewe vir Hom ’n sieraad (vers:11). Maar as jy die band tussen jou en die Here losmaak, gee jy dit alles prys.



© Bybelkoerant 2018 – 2026